

28 Oktober

Geen offers meer nodig nie

Skrifgedeelte: Hebreërs 10:1-18

Fokusgedeelte: Hebreërs 10:18

Offers laat die mens van die nuwe millennium koud. Ons dink aan ou Israel wat skape, bokke, ensovoorts vir die Here moes offer. Dit raak ons nie eintlik nie. Waarom dan erns maak met die “offers van die ou verbond”? Omdat ons daaruit die omvang van Christus se verlossingswerk verstaan!

Stel jou voor dat al jou godsdienstige pligplegings (erediens toe gaan, geldelike bydraes gee, alle dienswerk in die gemeente) afgemaak word as waardeloos voor God. Hoe sal jy daarvoor voel? Is dit nie ook offers in diens van die Here nie? Die waarheid is dat jou offers geen nut het om jou verhouding met God te herstel nie. Selfs ons beste werke is deurspek met selfgerigtheid, halfhartigheid, mensgemaaktheid, liefdeloosheid. Heeltemal sleg is dit nie, maar volmaak nog minder.

Die ou verbond se offers het dieselfde probleem. Alhoewel God dit voorgeskryf het, was dit nie voldoende om vir die groot vrag goddeloosheid wat die volk saamgedra het te betaal nie. Die verhouding met God is telkens weer skeefgetrek deur ongehoorsaamheid. Daarom is offers vir sonde by herhaling gebring. En elke keer het dit weer herinner aan sondes.

Maak dit jou moedeloos? Ja. Is daar 'n ander opsie? Ja. God het die noodsaaklike offer gegee in sy Seun Jesus. Sy volmaakte gehoorsaamheid en onskuldige kruisdood het een maal klaar vir al jou sonde betaal. Moet dan nie eers God se arm oor jou sonde probeer draai met getroue dienswerk nie. Dit is tog onvolmaak. Vertrou eerder volledig op dit wat Jesus vir jou gedoen het!

Sing: Psalm 33:2

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)